

Chris Jones & Pregala Pillay*

[Afrikadag](#) word jaarliks op 25 Mei gevier om die stigting van die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OAE), die voorloper van die Afrika-unie, op hierdie dag in 1963 te vier. Vanjaar se tema vir die dag is "[Africa – Opportunities in Challenging Times](#)" (Afrika – geleenthede in uitdagende tye).

Met hierdie tema in gedagte, gaan ons op korrupsie in Afrika suid van die Sahara fokus en wat sekere lande wat goed vaar, reg doen in hulle stryd teen hierdie plaag. Hopelik kan ons (ander) lande wat onderpresteer, wys watter geleenthede hulle kan gebruik om hulle pogings te verskerp om korrupsie uit te roei.

Stagnasie en verval

Transparency International, 'n organisasie wat in meer as 100 lande werk om die ongeregtigheid van korrupsie uit te roei, se verslag, [Corruption Perception Index \(CPI\) 2022 for Sub-Saharan Africa: Compounding Multiple Crises](#), begin soos volg: "'n Gemiddelde streekstelling van 32 uit 100 dui op nog 'n jaar van stagnasie op die Korruptsiepersepie-indeks (CPI) vir Afrika suid van die Sahara. Altesame 44 van die 49 lande wat geassesseer is, het nog steeds 'n telling onder 50 behaal. 'n Paar lande se vordering word opgeslurp deur aansienlike afnames in ander."

Hierdie verslag dui aan hoe korrupsie wegvreet aan demokrasie, sekerheid en ontwikkeling in Afrika suid van die Sahara – en dit terwyl die streek sukkel om van die Covid-19-pandemie te herstel en lewenskoste aan die styg is.

Geld is dringend nodig vir onder meer die ekonomiese, ekologiese en gesondheidsorguitdagings in die streek. Daarom moet alles moontlik gedoen word om nie geld deur korrupsie verlore te laat gaan nie.

Verbintenis

Botswana vaar baie goed om dié land 'n robuuste demokratiese stelsel het waardeur [wetgewende en beleidsraamwerke voortdurend verbeter](#) word. Danksy hervorming in die openbare sektor is Cabo Verde ook 'n toppresterder in hierdie streek. [Deursigtigheid in regerings- en handelstransaksies](#) kry ook baie aandag.

Waarom kan die vordering in lande soos Botswana, Seychelles, Angola en Côte d'Ivoire toeskryf word? Verbintenis blyk noodsaaklik te wees vir verbetering. Die president van Angola, João Lourenço, toon byvoorbeeld voortdurend dringendheid en verbintenis om sistemiese korrupsie uit te roei, veral [deur beter en sterker wetgewing](#).

Konflik en korrupsie

Afgesien van die groot wêreldkrisisse soos klimaatsverandering, die oorlog in Oekraïne en die styging in lewenskoste, staan verskeie lande sekerheidsuitdagings soos militêre staatsgrepe, ekstremisme, terreuraanvalle en 'n styging in misdaad in die gesig. Baie van hierdie kontekste dui aan hoe konflik en korrupsie ineengevleg is.

Dit is egter nie net wanhoop vir Afrika suid van die Sahara nie. Volgens [Transparency International](#) verdedig meer leiers in hierdie streek demokrasie en die AU het militêre oornames veroordeel terwyl hulle voortgaan om Afrika se ekonomie, sekerheid en politieke integrasie bevorder.

Op pad na 'n oplossing

Die meeste lande in Afrika suid van die Sahara het die Verenigde Nasies se Konvensie teen Korrupsie onderteken of ondersteun dit. Dit is 'n aanduiding van die positiewe ingesteldheid om korrupsie te beveg, maar leiers moet ook verder gaan. Ten einde te wys hoe ernstig hulle is, moet die hervorming van goeie staatsbestuur 'n prioriteit word, asook maatreëls wat basiese vryhede waarborg. Goeie optrede en integriteit moet in die politiek bevorder word en openbare hulpbronne moet in belang van die mense aangewend word. Die burgerlike samelewing moet voldoende beskerm word sodat hulle hul regerings aanspreeklik kan hou.

Teenkorruptsiemaatreëls moet spesiale aandag geniet, veral in tye van noodgevalle soos van toepassing op konflik, openbare gesondheid en natuurrampe. Lande moet ook meer doen om te voorkom dat [miljarde dollars jaarliks na die buiteland oorgeplaas](#) word.

Ons moet op Afrikadag mekaar aan ons teenkorruptsieverbintenisse herinner, asook dat ons elke geleentheid moet gebruik om op 'n proaktiewe wyse verdere maatreëls teen korrupsie en plundering in te stel sodat Afrika bo die aaklige omstandighede kan uitstyg waardeur ons dikwels omring word. Soos die HUB van AUDA-Nepad, Nandos Bekele-Thomas [gesê](#) het: "En die pad wat ons vasteland nader aan sy blink toekoms sal neem, begin deur die pad self te bou."

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees

***Dr Chris Jones is die hoofavorser in die Universiteit Stellenbosch (US) se Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en is ook hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap. Prof Pregala Pillay is 'n professor by die Skool van Publieke Leierskap aan die US,**